31 Oktober **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3**

Grootdoenerige kleuters…

Kinders (die woord in vers 1 praat van kleuters) kan tog so grootdoenerig wees, jy kry eintlik lag vir hulle! Ons sou seker ook vir die gelowiges in Korinte lag kon kry, as die saak nie so ernstig was nie… Ewe vernaam spog elkeen met sy leraar – soos kleuterseuntjies met hul pa's! Gelowiges wat só optree, is nog "vleeslik" (OAV), "wêrelds" (NAV) en kinderagtig. Hulle moet nog baie groei in hul geloof in Christus.

Leraars is nie daar om gemeentes te beïndruk met wêreldse wysheid nie. Christus roep hulle om as medewerkers van God sy gemeente op te bou. Die eer daarvoor kom die leraar nóóit toe nie! Al was Paulus 'n "bekwame bouer" (vers 10 OAV), bly hy 'n dienaar, net soos Apollos en Petrus. Evangelie-bedienaars moet let op hul bouwerk aan lidmate se geloof: rus dit op die fondament Jesus Christus? Sal dit God se oordeel kan weerstaan?

Hoor jy Lidmaat, Dominee ook hier 'n alarm afgaan? Pas op vir die verleiding van menslike wysheid, die grootdoenerigheid en die eersoekery! Wat bly jou by ná die pastorale gesprek tussen jou en jou predikant in sy studeerkamer? Is dit allerlei slimmighede of is dit die evangelie van skuldbelydenis en versoening op grond van Christus se kruis wat voorop staan?

Smag jy na "mooi" preke wat lekker op die oor val? Wil jy graag met jou dominee spog? Is jy dan nie nog 'n kleuter in die geloof nie – ewe grootdoenerig? Die evangelie is mos eenvoudig, geestelik en onopgesmuk, of het jy dit so gou vergeet?

Sing: Psalm 89:6 Ds J Botha (Laeveld)